**SKRIFLESING** Deuteronomium 6 vers 1-25

**PREEK**
**Tema:** Ek en my familie sal die Here dien

**Preek**
Verlede week het ons stilgestaan by Josua 24 waar Josua voor die volk verklaar: "Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien." En ons het veral gekyk na die rol van die manne en pa's. Vandag staan ons weer stil by dieselfde tema en ons gaan kyk hoe geloof lyk waar die Here gedien word. Om die hoofpunte makliker te onthou, laat ek elke punt met 'n **l** begin en ek verduidelik dit op die vingers van my regterhand. Wanneer ek my duim ophou, is dit die naaste aan my oor. Die duim staan vir **luister.** Met die voorvinger waarsku ons kinders om te **leer.** Die middelvinger is die grootste en sigbaarste. Die vinger staan vir **leef.** Ons moet **liefde** leef en dit is waaraan die ringvinger ons herinner. Ons pinkie herinner ons aan ons kinders wat ons moet **lei.**

**Luister**
Ons lees twee maal in Deuteronomium 6 dat ons moet luister. Na wie moet ons luister? In Deuteronomium 6 vers 1 stel die Here Homself bekend as: "die Here julle God." In verse 2, 5, 10, 13 en 15 lees ons vyf maal van "die Here jou God." In vers 3 lees ons van "die Here, die God van jou Voorvaders" en in vers 4 staan geskryf: "die Here is ons God." Daar kan by ons geen twyfel wees nie. Hy is ons Verbondsgod wat in 'n lewende verhouding met ons wil staan. Ons moet by Hom leer.

**Leer**
Ons lees in Deuteronomium 6 dat ons Sy "voorskrifte moet leer" en dat dit in ons "gedagtes moet bly." In Hosea 4 vers 6 lees ons in die Ou Vertaling: "My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jý die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp,…" Ons moet God se wil en waarheid ken. Van alle kante word die Christelike leer onder verdenking gebring. Sommer net twee waarhede waaraan ek eerste dink, is dat daar net een ware God en een Verlosser is. Hy is die enigste Here. Alle godsdienste aanbid beslis nie dieselfde God nie.
En ons God is 'n God van liefde. Hy het Sy Seun gestuur om in ons plek te sterf en ons so van sonde te verlos. Maar God is ook regverdig. En as Hy sê iets is sonde, is dit sonde. Ons moet dit bely en in Sy krag daarmee breek en daarvan wegbly.
Maar dit help niks ons ken die Woord en ons kan dit woord vir woord opsê, maar ons lééf dit nie.

**Leef**
Ons lees 3 maal in Deuteronomium 6 dat ons die Here moet dien, 4 maal dat ons Hom moet gehoorsaam en 6 maal dat ons Sy voorskrifte moet leer om daarvolgens te leef. Dit help ook nie ons doen God se wil net op Sondae, tydens stiltetyd of kleingroepbyeenkomste nie. Ons moet dit elke dag van ons lewens uitleef.

Wat is Sy voorskrifte? Dit is **liefde.**
Ons lees die voorskrifte in Deut 6:4-5: "[4]Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. [5]Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag.

Tot vandag toe bid die Jode hierdie "sjema" (wat luister beteken) daagliks.

In Hebrëers 6 vers 13-15 lees ons meer spesifiek hoe die uitvoer van hierdie voorskrifte lyk: "[13]Jy moet die Here jou God eer en dien en net in Sy Naam 'n eed aflê. [14]"Jy mag nie ander gode aanhang nie, ook nie gode van die volke in jou omgewing nie, [15]want die Here jou God eis onverdeelde trou aan Hom. Hy is by jou, en as jy ander gode aanhang, sal Sy toorn teen jou ontvlam en sal Hy jou van die aarde af wegvee."

M Luther het gesê: "Dit waarvan jy die meeste maak, is jou God." Waarvan maak jy die meeste in jou lewe? Is dit jou werk, geld, ontspanning of mense vir wie jy lief is? Dit kan selfs die gemeente en jou betrokkenheid by baie goeie aktiwiteite wees. God sê dat Hy die eerste en enigste in ons lewens wil wees. Hy deel nie Sy heerskappy met enige ander god nie. Dien Hom met alles wat jy is en het of moet Hom nie dien nie.

Om Hom te dien, beteken ook om mekaar en ons kinders te lei in die dien van die Here.

**Lei**
In Deuteronomium 6 vers 20 lees ons dat as kinders vra: "Hoekom moet ons die Here dien en wat beteken Sy voorskrifte?" moet die verhaal van God se verlossing uit Egipte aan hulle vertel word. Vandag moet ons vir ons kinders vertel van God se verlossing deur Jesus Christus. En ons moet dit altyd en oral doen.

Ons lees in Deuteronomium 6 vers 6-9: "[6]Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. [7]Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. [8]Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet 'n merk op jou voorkop wees. [9]Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte."

As jy wil hê jou kinders moet die Here volg, moet die Here deel van jou alledaagse lewe wees. Dit is nie in die eerste plek die kategeet of onderwyser se taak nie. God vertrou hierdie taak aan ouers toe.

Jy moet Sy liefde by jou kinders inskerp deur jou woorde, voorbeeld en jy moet dit uitbeeld.

Jy moet altyd en oral oor die Here en Sy gebooie praat.

Die Jode het sy voorskrifte op perkamentrolletjies geskryf en en dit in 'n leerhouertjie om hul hand en voorkop vasgebind. Dit gaan hier egter om baie meer as net uiterlike tekens. Die manier waarop jy werk met jou hande moet getuig dat jy die Here jou God liefhet met hart, siel en al jou krag. Die manier waarop jy dink moet getuig dat jy die Here jou God liefhet met hart, siel en al jou krag.

Die stadspoort is die sentrum van die openbare lewe. Dit is ook die plek waar regspraak en besigheid gedoen is. Jy kan letterlik daar gaan skrywe dat jy die Here dien, maar ook jou sosiale lewe, die manier waarop jy reg laat geskied en besigheid doen, moet getuig dat jy die Here jou God liefhet met hart, siel en al jou krag.

Die Here belowe vir ons dat indien ons en ons familie Hom so dien, ons 'n lang lewe sal hê en dat dit goed met ons sal gaan. Ons sal voorspoedig wees en baie word in die land wat die Here aan ons beloof, 'n land wat oorloop van melk en heuning. So kan die Here vir ons vandag steeds seën. Maar Christene beleef ook terugslae en krisisse. Ten spyte daarvan, sal Hy vir ons seën. Hy sal vir ons seën met geestelike oorvloed en 'n lewe wat vir ewig sal aanhou.
**Amen**